

DIE MITE VAN OIDIPOES  
BY SOPHOKLES EN JEAN COCTEAU

deur P. J. Conradie

(Universiteit van Stellenbosch)

Die mite van Oidipoes wat onwetend sy eie vader gedood en met sy moeder getrou het, is seker een van die bekendstes uit die Griekse mitologie. Alreeds in die klassieke tydperk is dit in talle dramas behandel waarvan die oorgrote meerderheid egter verlore gegaan het. Eintlik het ons net een drama oor waarin die lotgevalle van Oidipoes self volledig behandel word, nl. die *Oidipoes Tyrannos* van Sophokles; maar dit is ook die beroemdste behandeling van hierdie mite en het as gesaghebbend gegeld vir almal wat daarna dieselfde tema behandel het.

In hierdie artikel wil ek graag die wyse bespreek waarop Jean Cocteau hierdie mite in sy *La Machine Infernale* gedramatiseer het. So ver ek kan oordeel, het Cocteau in sy verwerking van die feitlike gegewens waarop Sophokles se drama berus, uitgegaan; natuurlik het hy daaraan verander en dit anders geïnterpreteer. Maar hy het blykbaar nie op groot skaal gebruik gemaak van variante in die mite wat voor en na Sophokles voorgekom het nie. Tog vertoon die twee dramas met die eerste oogopslag geweldige verskille: In die behandeling van die tema is daar min ooreenkomste behalwe dat die laaste bedryf van Cocteau eintlik in kort bestek die hele drama van Sophokles weergee. Hoe is dit nou te verklaar?

Die groot verskil in wyse van behandeling hang saam met 'n fundamentele verskil in die hele benadering van die mite en die rol wat die noodlot daarin speel. Laat ons eers sien hoe Sophokles die mite dramatiseer. By hom kry ons die merkwaardige verskynsel dat hy nie aantoon hoe Oidipoes stap vir stap in sy vreeslike lot verstriek raak nie. Nee, aan die begin van die drama het die ergste eintlik al gebeur: Oidipoes het reeds sy vader gedood en is met sy moeder getroud. Die drama beeld nou uit hoe hy langamerhand tot die ontdekking kom van die vreeslike dinge wat hy gedoen het en van die aaklige posisie waarin hy hom bevind.

Aan die begin van die tragedie sien ons Oidipoes nog as die geëerde koning wat die volle vertroue van sy volk geniet. Hoewel 'n pes besig is om die stad te teister, is hy vol vertroue dat hy sy volk sal kan red. Hy tref alle moontlike maatreëls. Van Delphi verneem hy dat hy die moordenaar van sy voorganger Laios moet soek en om hieroor raad te vra, roep hy die siener Teiresias in. Nou kom die eerste skok as Teiresias eers niks wil sê nie en later in toorn Oidipoes daarvan beskuldig dat hy self die moordenaar is. Met sy gebruikelike opvlieëndheid beskuldig Oidipoes dadelik Teiresias daarvan dat hy met Kreon, Jokaste se broer, teen hom saamgesweer het, en alleen Jokaste kan 'n heftige twis tussen Oidipoes en Kreon kalmere.

In die loop van hierdie proses vermeld sy toevallig die feit dat Laios gedood is op 'n plek waar drie paaie bymekaarkom. Dit is die tweede skok vir Oidipoes want, soos hy vir Jokaste vertel, op so 'n kruispunt het hy 'n ou man en sy gevolg gedood toe hy eenmaal van Delphi teruggekeer het. Hy vrees nou dat hy self die moordenaar van Laios is.

Die volgende stap in die ontdekking kom nou as 'n boodskapper van Korinthe vertel dat Polubos, Oidipoes se vermeende vader, dood is, en in die loop van die daaropvolgende gesprek vertel dat hy destyds vir Oidipoes van 'n Thebaanse herder op die berg Kithairon gekry het en na Polubos gebring het. Die Thebaanse herder, wat reeds gevore ontbied is, kom nou op die toneel en in die gesprek tussen hom en die Korinthiser kom die hele waarheid uit, nl. dat Oidipoes die seun van Jokaste en Laios is wat hulle uit vrees vir 'n orakel op die berg laat blootstel het. In ontsetting oor wat hy gedoen het, steek Oidipoes sy oë uit.

Daar word dikwels gesê dat die noodlot so 'n groot rol in die Griekse tragedie speel, en dan word die *Oidipoes Tyrannos* by uitstek as 'noodlotstragedie' bestempel. Alles hang natuurlik daarvan af wat met hierdie term bedoel word. As daarmee bedoel word dat die mens daarin voorgestel word as 'n hulpelose speelbal van die noodlot, sonder enige vryheid van handeling, dan is die beskrywing beslis onjuis. Ons sien juis dat daar nie in hierdie tragedie uitgebeeld word hoe Oidipoes daartoe gedryf word om sulke vreeslike dade te pleeg nie, maar hoe hy tot die ontdekking daarvan kom. En in die proses van ontdekking is Oidipoes beslis nie 'n willose persoon wat sake maar hul gang laat gaan nie. Intendeel, dit is aan sy volharding toe te skryf dat die waarheid geopenbaar word; hy is vasbeslote om die waarheid uit te vind. Selfs as hy 'n vermoede het dat dit hom in die ongeluk kan stort, laat hy hom nie deur Jokaste se smeekbedes weerhou nie. Ook in die wyse waarop hy op die ontdekking reageer, is daar geen sprake van 'n passiewe aanvaarding nie; hy steek eiehandig sy oë uit om nie meer die daglig te aanskou nie.

Hiermee wil ek nou nie beweer dat die noodlot geen rol in hierdie tragedie speel nie. Dit sou onsinnig wees om dit te beweer want die wyse waarop die lot Oidipoes verstrik het, vorm tog die hele gegewe van die drama. Sophokles erken ten volle dat daar hoër magte bestaan wat daadwerklik in die mens se lewe ingryp en gebeurtenisse anders laat afloop as wat hy beplan het, ja selfs op presies die teenoorgestelde laat uitloop. Die mens is nie volkome vry om sy lot te bepaal nie. Nou mag sommige kritici sê dat ek hiermee al dadelik die dramatiese werk van Sophokles veroordeel het. Maar ek wil my verstout om te sê dat ons hierdie erkenning van magte wat vir die mens te sterk is — of hulle nou buite of binne die mens geleë is — en wat die gang van gebeurtenisse onvermydelik maak, hoe die mens hom ook daarteen verset, in feitlik alle groot tragedies kry. Elke kunstenaar wat werklik diep nadink, moet die bestaan van so 'n mag of magte erken, hoe hy dit ook al noem en watter houding hy ook daar teenoor inneem. Al wat ons kan sê, is dat die ou Grieke miskien meer as ander van hierdie magte en die hulpeloosheid van die mens teenoor hulle bewus was.

Die erkenning van die bestaan van hierdie magte sê dus nog niks nie, maar wel die houding wat die kunstenaar teenoor hulle inneem. Sophokles gee toe dat die gode (soos hy hierdie magte noem) dikwels optree op 'n wyse wat vir die mens uiters onregverdig lyk en wat hy nie kan rym met sy opvatting van 'n regverdige wêreldbestuur nie. In sy dramas verduister hy ook glad nie die gevalle van oënskynlike onverdiende lyding wat hy teengekom het nie. Maar desnieteenstaande waag hy nie om die beskikkinge van die gode te kritiseer nie. Hy glo dat die menslike verstand daarvoor te beperk is, en dat daar in al die lyding miskien tog 'n verborge plan is, dat wat die gode beskik op die ou end tog die beste is. Hy sien net nie kans om dit uit te lê nie. Hy beskou dit dus as

nutteloos om die rede van alle lyding te probeer agterkom. Dit is veel beter vir die mens om die slae van die lot met manmoedigheid te aanvaar. En dit is dan ook die vernaamste wat hy in sy tragedies uitbeeld — die wyse waarop die mens sy grootheid toon in die aanvaarding van sy lot.

Wat Sophokles ook veral in hierdie lewe getref het, is die groot onkunde van die mens oor sy ware posisie, die groot kontras tussen wat hy dink dat hy is en wat hy werklik is. Hierdie kontras beeld hy dan uit sonder om hom uit te spreek oor die gode wat die mens in so 'n posisie geplaas het. Dit is eenvoudig 'n deel van die gegewe van die menslike bestaan.

Dit is nou duidelik hoe hierdie houding van Sophokles geïllustreer word in die wyse waarop hy die Oidipoes-mite behandel het. Sophokles gaan dus nie aantoon hoe wreed die noodlot was om Oidipoes in die ongeluk te stort nie. Op die waarom en die reg of verkeerd daarvan gaan hy nie in nie. Hy aanvaar dit eenvoudig as gegewe vir sy tragedie en vandaar gaan hy dan verder. Sy belangstelling is dus nie in die optrede van die gode nie (daaraan kan die mens tog niks doen nie) maar in die tragiese blindheid van die mens in hierdie lewe. So toon hy dan aan die begin van die tragedie hoe vol vertrou Oidipoes is dat hy die moordenaar sal opspoor en hoe hy onwetend die vreeslikste vervloekinge oor homself uitspreek. Selfs die beskuldigings van Teiresias laat hom niks van die waarheid vermoed nie; hy dink eerder dat daar 'n sameswering teen hom is. So wys Sophokles vir ons hoe die waarheid langsamerhand geopenbaar word. Maar selfs kort voor die katastrofe is Oidipoes nog vol vertrou dat hy sal vind dat hy 'n 'kind van die Geluk' is. En so kom dan die geweldige slag van die ontdekking oor hom en sien hy eindelijk wat sy ware posisie is. Dit is hy wat blind was en nie Teiresias nie. In Sophokles se uitbeelding van hierdie gebeure sien ons sy diepe medelye met die mens in sy verblinding, maar ook sy bewondering vir die grootheid wat die held selfs in die diepste ellende openbaar.

Laat ons nou nagaan hoe Cocteau hierdie gegewe verwerk het. In die eerste plek merk ons dat hy wel die gebeurtenisse in kronologiese volgorde behandel, d.w.s. hy toon aan hoe Oidipoes deur die noodlot in die val gelei word. Alreeds hieruit kan 'n mens aflei dat daar 'n verskil van beklemtoning is, en hierdie indruk word nog verder versterk as 'n mens die rol van die noodlot in die drama ondersoek. Cocteau se uitgesproke doel is om te wys hoe die arme sterfling in sy lot verstrik word, en daarvoor gebruik hy nie alleen die oorgelewerde gegewens nie maar voeg nog ander insidente by, en selfs die oorgelewerde gebeure word heeltemal anders as gewoonlik verklaar en gebruik om die wreedheid van die lot nog verder te aksentueer. Cocteau toon ook die mens in sy verblinding maar beklemtoon die wreedheid van die noodlot wat hom keer op keer tot die rand van ontdekking bring maar hom tog die waarheid onthou. So toon Cocteau ons, soos hy self in sy proloog sê: *'une des plus parfaites machines construites par les dieux infernaux pour l'anéantissement mathématique d'un mortel.'*

Ek wil dus nagaan hoe Cocteau die oorgelewerde mite met hierdie doel voor oë verwerk het — watter veranderings hy aangebring het, watter toevoegings hy gemaak het en op watter manier hy die gebeurtenisse anders geïnterpreteer het. Dit sal ook interessant wees om daarop te let hoe Cocteau, ook waar hy niks verander het nie, die tradisionele gegewe gedramatiseer het, want die resul-

taat verskil baie van wat ons by Sophokles kry.

Hoewel Cocteau die gebeurtenisse in kronologiese volgorde behandel, kan hy natuurlik ook nie die hele reeks voorvalle op die toneel voorstel nie. Hy kies dus drie kritieke momente, en betrek soveel moontlik die gebeurtenisse van die verlede daarby. Die vierde bedryf beskryf dan kortliks hoe Oidipoes die waarheid ontdek.

Die eerste bedryf stel 'n insident voor wat nie in die tradisionele mite voorkom nie maar deur Cocteau self versin is. Dit wys hoe die skim van Laios op die stadsmure verskyn net voordat Oidipoes as oorwinnaar van die Sfinks die stad sou binnetrek, en hoe dit tevergeefs probeer om Jokaste teen die naderende onheil te waarsku. Hier kry ons dus 'n verdere illustrasie van die wreedheid van die lot wat hierdie openbaring verhinder. Verder gebruik Cocteau hierdie hele bedryf op meesterlike wyse om ons 'n indruk te gee van die atmosfeer wat daar in die geteisterde stad heers, van die gewone volk se houding teenoor Jokaste en Teiresias en van die gemoedstoestand van hierdie twee persone self.

Aan die begin van die bedryf sien ons twee soldate wat op die mure wag hou. Hulle het dit heeltemal op hul senuwees en terwyl op die agtergrond die geluide gehoor word van die volk wat hul ellendes in nagklubs probeer vergeet, spekuleer hulle oor die voorkoms en aard van die Sfinks; ook hoor ons duistere toespelings oor 'n spook wat aan hulle verskyn het. Dan verskyn hul hoof en wil van hulle weet waarom hulle hom oorgeslaan het en direk aan die paleis inligtinge oor die spook verskaf het. Nou hoor ons die volledige verhaal. Die skim van Laios het aan hulle op die muur verskyn omdat die reuk van ontbindende vuil daar sy verskyning bevorder het. Dit was egter moeilik om hom te verstaan want as hy duidelik gepraat het, was hy nie meer sigbaar nie, en as hy sigbaar was, kon hy nie duidelik praat nie. Al wat hulle kon verstaan, was dat hy wou hê dat hulle koningin Jokaste in kennis moes stel. En die vorige aand het die skim aan hulle vertel dat hy een van die reëls van die onderwêreld oortree het en miskien nie toegelaat sou word om weer te verskyn nie. Hy het hulle gesmeek om Jokaste te laat roep. Die ergste was nog dat, toe hy wou verdwyn, hy dit 'n lang tyd nie kon regkry nie en eers kort voor dagbreek verdwyn het.

Hierna verskyn Jokaste en Teiresias op die toneel. Jokaste het van die skim se verskyning gehoor en, ten spyte van Teiresias se bedenkinge, het sy besluit om self ter plaatse ondersoek te gaan instel. En nou kom die dramatiese hoogtepunt van die bedryf: Terwyl die jong soldaat besig is om die verskyning van die spook te beskryf, verskyn Laios weer . . . maar niemand sien hom raak nie. Hy roep . . . maar niemand hoor hom nie. Net een oomblik verbeel Jokaste haar dat sy haar naam hoor, maar Teiresias oortuig haar dat dit inbeelding is.

Sodra hulle weg is, bemerk die twee soldate weer die skim van Laios. Voordat die jong soldaat nog vir Jokaste kan gaan roep, roep die skim uit dat 'hulle' besig is om hom te vang en dat die soldate Jokaste moet waarsku dat 'n jong man Thebe nader en dat sy onder geen voorwendsel . . . Maar voordat hy sy sin kan voltooi, verdwyn hy. Die jong soldaat wil nog aan Jokaste gaan vertel wat gebeur het maar sy ouer kameraad raai hom af en sê dat prinse, spoke en soldate elkeen sy eie sake moet reël. So het die noodlot verhinder dat Jokaste die waarheid te wete kom.

In die tweede bedryf kry ons 'n voorstelling van Oidipoes se ontmoeting met die Sfinks. Sophokles het in sy tragedie net sydelings na hierdie gebeurtenis ver-

wys maar die besonderhede van die mite is welbekend. Die Sfinks het die stad Thebe gereister en aan almal wat teen haar gekom het, het sy die volgende raaisel gestel: Watter lewende wese is daar wat vier voete en terselfdertyd ook twee voete en drie voete het? Niemand kon die raaisel oplos nie en almal wat die antwoord nie geweet het nie, is deur die Sfinks gedood totdat Oidipoes gekom het en geantwoord het dat dit die mens is. Toe het die Sfinks dood neergestort.

Aan hierdie gegewe het Cocteau radikale veranderings aangebring, nie soseer deur die feite te verander nie as deur hulle heeltemal anders te verklaar. Kyk maar net hoe behandel hy die kwessie van die voorkoms van die Sfinks. Ons het alreeds in die eerste bedryf gesien hoe die twee soldate spekulêr oor haar voorkoms sonder dat enigiemand sekerheid het. Nou sien ons hoe die Sfinks, terwyl sy op die jongmanne wag om hulle aan te lok, die voorkoms van 'n mooi jong vrou het. 'n Huisvrou van Thebe wat daar langs kom, voer 'n lang gesprek met haar — juis oor die aard van die Sfinks — sonder dat sy ooit vermoed dat sy met die Sfinks self praat! Haar seuntjie het onwetend gelyk as hy sy ma vra of dit dan nie die Sfinks is nie. Maar as die Sfinks haar slagoffer eers verlei het, neem sy die vorm aan waarin sy gewoonlik voorgestel word. Verder gee Cocteau haar as geselskap Anubis, 'n Egiptiese dodegod wat die vorm van 'n jakkals aanneem; dit is natuurlik ook 'n toevoeging tot die mite. Die gedaante wat hierdie twee aanneem, is egter nie op sigself noodwendig nie. Hulle neem dit alleen aan omdat die mense sulke voorstellings van hulle gevorm het; anders sou die mense hulle glad nie herken nie.

Sowel Anubis as die Sfinks is gode; die Sfinks is eintlik die wraakgodin Nemesis. Maar hulle is nie oppermagtig nie want hulle is weer deur ander gode daar geplaas en moet hulle gehoorsaam. In haar menslike gedaante weet die Sfinks selfs nie eens waarom sy al die slagting moet aanrig nie. Sy het al meer as genoeg daarvan en verlang hartstogtelik na verlossing van haar vreeslike taak. Die gode is dus self moeg van hulle taak. Ons sien hier die besondere belangstelling wat Cocteau het vir die organisasie van die ander wêreld — iets wat ook duidelik in sy ander 'klassieke' drama *Orphée* te sien is.

Aan die begin van die bedryf sien ons die Sfinks wat kla oor haar lot en Anubis wat haar tot gehoorsaamheid maan. Die Sfinks se afkeer in haar taak word nog verder vergroot deur die verhaal wat die huisvrou van Thebe vertel oor haar seun wat deur die Sfinks gedood is. Sy besluit nou dat, as daar 'n jongman kom op wie sy verlief sal raak en wat sonder vrees sal wees, sy hom sal red. Skaars het sy dit gesê of Oidipoes verskyn. Hy is jonk, avontuurlustig, geweldig eergierig en vol van 'n matelose selfvertroue. Hy is seker dat hy die raaisel van die Sfinks sal kan beantwoord. Die Sfinks gesels so 'n bietjie met hom en probeer hom daarop wys dat daar 'n ander opvatting van lewe kan wees as syne, nl. om die middelpunt van 'n juigende menigte te wees. Haar idee van lewe is om bemin te word deur die een wat jy bemin. Maar dit is vir Oidipoes onbegryplik. Dan neem die Sfinks haar tradisionele gedaante aan en gee vir Oidipoes 'n demonstrasie van wat sy gewoonlik met haar slagoffers doen. Oidipoes is net so magteloos soos al die ander en word tot die mees vernederende krete gedwing, veral as Anubis met oop kake op hom afstorm. Heeltemal terloops deel die Sfinks hom ook die raaisel en die antwoord daarop mee. Dan stel sy hom vry en heeltemal formeel stel sy die raaisel aan hom. Oidipoes kan

natuurlik die antwoord gee en die Sfinks in haar sterflike gedaante stort neer.

Oidipoes het egter glad nie verstaan dat die Sfinks dit uit liefde vir hom gedoen het nie, dat hy te doen het met iets magtigers as hyself nie; hy storm weg met 'n triomfkreet. Die Sfinks is woedend dat hy nie die minste dankbaarheid toon nie en haar liefde verander in haat. Met die grootste tevredenheid verneem sy nou van Anubis dat Oidipoes reeds sy vader gedood het en met sy moeder sou trou. 'n Oomblik aarsel sy nog as Oidipoes terugkom — maar dit is maar net om die stoflike oorskot van die Sfinks op te eis sodat hy bewys van sy oorwinning sou kon lewer. Dan vlieg Anubis en die Sfinks, wat nou weer die wraakgodin Nemesis is, weg terwyl hulle byna medelye voel met Oidipoes wat so blindelings sy vreeslike lot tegemoet gaan.

Ons sien dus hoe Cocteau, terwyl hy die uiterlike resultaat dieselfde gehou het, die betekenis van Oidipoes se oorwinning heeltemal onderstebo keer. Oidipoes het nie deur sy eie skerpsinnigheid die oorwinning behaal nie maar alleen deurdat die Sfinks medelye met hom gehad het. En die wyse waarop Oidipoes nietemin op die oorwinning aanspraak maak, verhoog nie sy aansien nie. Maar die ironie van die noodlot is dat, juis deurdat die Sfinks Oidipoes hier van 'n onmiddellike dood red, sy hom spaar vir 'n nog vreesliker lot. Die mite gee geen motivering vir die optrede van die Sfinks nie maar uit Cocteau se drama wil dit lyk of sy spesiaal daar geplaas is om Oidipoes nog verder te verstrik.

In die derde bedryf neem Cocteau nog 'n beslissende tydstep om op die toneel voor te stel, nl. die huweliks-nag van Oidipoes en Jokaste. Op meesterlike wyse het hy daarin geslaag om 'n atmosfeer van dreigende onheil te suggereer. Buite is daar 'n storm; Oidipoes en Jokaste is albei half-dood van die vaak na die vermoeiende seremonies van die afgelope dag. Keer op keer kom daar aanmanings en aanduidings van hul werklike verhouding tot mekaar, maar hulle is net nie in staat om die ware betekenis daarvan in te sien nie. Dit is asof die noodlot 'n kat-en-muis-speletjie met hulle speel en hulle herhaaldelik tot op die rand van die ontdekking bring, net om hulle daarna weer in die duisternis van hulle onkunde terug te ruk.

Aan die begin van die bedryf sien ons dus hoe Oidipoes en Jokaste half aan die slaap in hulle kamer kom. Albei raak so staan-staan aan die slaap en prewel onverstaanbare woorde. Dan gaan Jokaste weg sodat Oidipoes eers 'n onderhoud met Teiresias kan hê, iets wat deur die gebruik voorgeskryf is. Teiresias is baie bekommerd oor die huwelik, nie alleen vanweë ongunstige voortekens nie maar ook omdat sy gesonde verstand niks goeds verwag van 'n huwelik van die koningin met 'n soveel jonger man wat boonop van onsekere afkoms is nie. Oidipoes behandel egter sy besware met minagting, en gaan selfs so ver om sy toekoms in Teiresias se blinde oë te probeer lees. Tot sy verbasing sien hy daar 'n voorspoedige lewe met Jokaste, twee seuns, dogters . . . en dan skielik word sy oë verduister en kan hy niks meer sien nie. Die gode het hom weereens verhinder om verder te sien. Teiresias het nog 'n verdere teken: sy gordel wat Oidipoes destyds aan die Sfinks gegee het, het 'n onbekende jongmeisie in die tempel aan hom gegee terwyl sy bitter met Oidipoes gespot het. Ook hierdie waarskuwing behandel Oidipoes met minagting en Teiresias vertrek, in namelose vrees voor hierdie vreemde huwelik.

Nou keer Jokaste terug en smee Oidipoes om haar van sy oorwinning oor die Sfinks te vertel. Hy begin met 'n mooi klinkende verhaal wat min ooreen-

koms met die werklikheid toon maar merk gou dat Jokaste deur die slaap oorweldig is. Hulle besluit om 'n rukkie te slaap maar selfs in die slaap vind hulle nie rus nie Albei dink hardop aan die geheime wat hulle vir mekaar wil verberg: Oidipoes aan sy vernederende ontmoeting met die Sfinks en Jokaste aan die nagmerrie wat haar voor die koms van Oidipoes geteister het, 'n nagmerrie wat eintlik die komende bloedskanie voorspel het.

Die volgende aanmaning kom as Jokaste die vermoede Oidipoes se skoene uittrek en deur die littenekens aan sy voete herinner word aan haar seuntjie wat sy destyds op die berge laat blootstel het. Maar Oidipoes het 'n heel aanneemlike verhaal van hoe hy as kind by 'n jagtog deur 'n takbok aangeval en vermink is. Ter verklaring van haar aanvanklike ontsteltenis vertel Jokaste van die blootstelling van die kind maar sê dat dit een van haar diensmeisies is wat haar kind so om die lewe gebring het omdat die orakel sulke vreeslike dinge voorspel het. As sy sien hoe verontwaardig Oidipoes oor hierdie daad is, is sy ook maar bly dat sy nie die waarheid vertel het nie. Dit is opmerklik dat Cocteau dit hier so voorstel asof Laios niks van die hele saak geweet het nie; Jokaste was alleen en is heeltemal deur die vreeslike voorspellings van die orakel oorrompel. Weer eens het hulle dus tot op die rand van die ontdekking gekom.

Die bedryf eindig op treffende wyse. Oidipoes raak aan die slaap met sy kop op die wiegie, sy eie wiegie wat nog steeds in Jokaste se kamer staan, en droom hardop van die Sfinks. Buite sing 'n dronke 'n lied waarin hy spottend Jokaste aanraai om met 'n man te trou wat nie soveel jonger as sy is nie; intussen maak Jokaste haarself mooi.

In die laaste bedryf word beskryf hoe Oidipoes na sewentien jaar die waarheid ontdek. Dit was seker nodig om die ontdekking ook in hierdie drama te behandel maar vir die leser wat Sophokles se drama ken, is hierdie bedryf iets van 'n anti-klimaks. Cocteau moet noodwendig die proses van ontdekking baie vinnig afhandel en die bedryf is nie veel meer as 'n navertelling van Sophokles nie, hoewel Cocteau natuurlik veranderings aanbring. Die bedryf begin sommer dadelik waar die boodskapper van Korinthe die berig van Polubos se dood bring. Oidipoes, uitgesproke onkonvensioneel, steek nie sy blydschap weg dat die orakel oor die vadermoord nie vervul is nie. Maar die boodskapper weet te vertel dat Oidipoes nie Polubos se seun was nie maar deur sy vader van 'n ander herder ontvang is. (By Sophokles is dit die boodskapper self wat die kindjie ontvang het.) Jokaste besef die waarheid en storm weg maar Oidipoes dink dat sy ontsteld is omdat hy nie van edele afkoms is nie. Hy gaan soek Jokaste en vind haar dood. Teiresias en Kreon vertel hom dan die hele waarheid en bring die ou herder wat hom aan die Korinthiër gegee het. Terwyl die koms van hierdie herder by Sophokles goed gemotiveer is en deur almal met spanning afgewag word, word hy by Cocteau sommer onverwags te voorskyn geroep. Oidipoes steek nou sy oë uit, net soos by Sophokles, en verskyn weer op die toneel. Die drama eindig op 'n mistieke noot as die skim van Jokaste aan Oidipoes verskyn en belowe om hom en die klein Antigone op hul omswerwinge te lei. Sy kan nou die rol van moeder teenoor Oidipoes vervul, iets wat haar in die lewe nie gegun was nie.

Ek het nou in hooftrekke nagegaan hoe Cocteau die tradisionele mite gewysig en van binne uit anders geïnterpreteer het. Maar daar is so 'n rykdom van detail in hierdie drama dat 'n mens onmoontlik alles kan vermeld. Daar is bv. die poli-

tieke verwysings wat 'n mens dwarsdeur die drama kry. Sommige persone beskou die Sfinks bloot as 'n middel van die priesters en die polisie om die volk skrik te maak en die swak regering te verdoesel. Daar is 'n sterk man nodig om die posisie te red. So kry ons nog baie meer verwysings. Ek reken nie dat hierdie politieke ondertoon iets wesentliks tot die drama bydra nie; dit is net nog 'n voorbeeld van hoe Cocteau probeer om groter lewendigheid en aktualiteit aan die drama te gee. 'n Mens kan ook sy effektiewe herhaling van motiewe noem. In die eerste bedryf dra Jokaste 'n lang serp waarop beide Teiresias en die jong soldaat trap sodat sy verklaar dat dit nog haar dood gaan veroorsaak. Dit is dieselfde serp waarmee sy haar in die laaste bedryf ophang. Die borsspeld wat sy ook in die eerste bedryf dra, is die instrument waarmee Oidipoes sy oë uitsteek.

Dit is egter maar terloops. Hier wil ek net op 'n paar belangrike punte wys. Die eerste is die wyse waarop Cocteau die karakters van die mite uitbeeld — en hulle nogal anders voorstel as wat dit gewoonlik gedoen word. Daar is in die eerste plek Oidipoes. Net soos by Sophokles het hy 'n groot vertroue in homself veral in sy eie intellek; ook is hy opvlieënd en gou geneig om in alles komplotte teen hom te sien. Verder teken Cocteau hom as avontuurlustig en besonder eergierig; ons het reeds verwys na die passasie waarin hy sê dat sy opvatting van lewe 'n juigende menigte om hom is. Maar Oidipoes toon by Cocteau veel minder waardigheid as by Sophokles; hy is te veel van 'n kaartmannetjie wat besonder spraaksaam oor homself en sy idees is en veral trots is op sy onkonvensionele optrede. Hy hou so baie daarvan om te dramatiseer dat 'n mens nie altyd seker is of hy werklik 'n gevoel koester en of hy dit nie maar voorgee omdat dit so dramaties effektief is nie. Een van die skryndste insidente in die drama is die toneel waar hy by homself oorweeg op watter wyse hy die Sfinks se liggaam moet dra om die grootste indruk op die Thebaners te maak. Vir Cocteau word Oidipoes eers waarlik 'n mens nadat die vreeslike slag hom getref het.

Ook Jokaste is nie heeltemal die waardige koningin van Sophokles nie. In die eerste bedryf word sy aan ons getoon as 'n wispelturige en liggelowige vrou, vol romantiese idees, en volkome onder die invloed van Teiresias hoewel sy haar dikwels teen hom verset. Aan die ander kant het ons medelye met haar in die vreeslike geestestoestand waarin sy verkeer na die dood van Laios, waar die stad deur die Sfinks geteister word en sy deur skrikwekkende drome gekwel word. Ook in die derde bedryf is sy die prooi van angste wat sy nie kan omskryf nie. Veral word sy gehinder deur die feit dat sy soveel ouer as haar bruidegom is, en daarom probeer sy haar mooi maak.

Teiresias is by Cocteau nou wel hoëpriester en siener maar verder is daar weinig van die mistikus in hom. Ons word veel meer getref deur sy nugtere en realistiese kyk op sake. Hy raai Jokaste af om na die plek te gaan waar die skim van Laios verskyn het en probeer haar so gou moontlik weer daar weg kry. Hoewel hy, as hy Oidipoes in die huweliksnag kom spreek, vertel van die ongunstige voortekens, is sy vernaamste besware teen die huwelik heeltemal redelik — die groot verskil in ouderdom en die onbekende afkoms van Oidipoes. En as die katastrofe kom, aanvaar hy dit met gelatenheid as iets waarteen niks gedoen kan word nie.

Eindelik wil ek nog daarop wys hoe effektief Cocteau die tema van bloedskande deur die hele drama laat loop. Hy toon aan hoe beide Jokaste en



Oidipoes in hul karakter 'n neiging in hierdie rigting het. Jokaste voel besonder aangetrokke tot jonger mans, bv. die jong soldaat wat haar so baie aan haar doodgewaande seun laat dink. As haar seun gelewe het, sê sy, sou hy die Sfinks gedood het. As Teiresias haar daarop wys dat sy dan nie 'n man sou kry nie, speel sy selfs met die idee van 'n huwelik tussen moeder en seun. Oidipoes weer stel meer belang in ouer vroue, en as Teiresias hom oor sy gevoelens teenoor Jokaste ondervra, sê hy dat hy altyd gedroom het van 'n byna moederlike liefde.

Verder kom daar verskeie situasies in die drama voor waar een of ander persoon onbewus die waarheid aan Oidipoes of Jokaste sê. Die Sfinks sê aan Oidipoes dat Jokaste sy moeder kon wees en hy antwoord dat die essensiële punt is dat sy dit nie is nie. Teiresias sê dieselfde teenoor Oidipoes. In die eerste bedryf vertel Jokaste aan Teiresias van die vreeslike droom wat haar herhaaldelik kwel, nl. dat sy 'n suigeling het wat in 'n klewerige deeg verander wat oor haar hele liggaam sprei. En in die derde bedryf raak Oidipoes met sy kop op die wiegie aan die slaap terwyl Jokaste die wiegie heen en weer beweeg. So speel elkeen onbewus eintlik sy normale rol.

Ek het nou verskillende aspekte van Cocteau se drama nagegaan. Wat sal nou die finale oordeel daarvoor wees? In vergelyking met Cocteau se *Orphée* toon hierdie drama m.i. 'n groot verbetering. Ten spyte van geniale invalle wat 'n mens in *Orphée* kon bewonder, ondervind ek tog 'n fundamentele tekort daarin, nl. 'n gebrek aan erns. Dit is iets wat 'n mens beslis nie van *La Machine Infernale* kan sê nie. 'n Mens word dwarsdeur die drama getref deur die diepe erns waarmee hy die mite behandel. In sy dramatiese tegniek is daar ook baie wat 'n mens kan bewonder. Daar moet onthou word dat Cocteau deur 'n Stem aan sy gehoor vooraf alles vertel wat gaan gebeur sodat hy nie deur middel van 'n onverwagte afloop spanning kan opwek nie. Nietemin is daar geen verslapping van die spanning in die loop van die drama nie. Sommige momente is dramaties uiters effektief, bv. waar die skim van Laios verskyn en Jokaste hom nie sien nie. Ook moet 'n mens die rykdom van détail bewonder wat Cocteau in die drama inbring het en waardeur hierdie drama ons so 'n lewendige tafereel van die lewe bied.

Daar is net een beswaar wat ek in hierdie drama voel. Ten spyte van al die verrassende wendinge en die feit dat die wreedheid van die noodlot soveel meer beklemtoon word, bied die drama geen essensiële vernuwing na Sophokles nie. Te midde van alles wat nuut is, bly die fundamentele idee nog die hulpeloosheid van die mens teenoor die hoër magte, hoewel Cocteau se houding teenoor hierdie magte natuurlik baie van Sophokles s'n verskil. Maar 'n radikale nuwe siening kry ons nie by Cocteau nie. Nietemin gee ek toe dat dit nie 'n vereiste is wat 'n mens noodwendig moet stel by die beoordeling van 'n moderne verwerking van 'n Griekse mite nie, en dat Cocteau wel daarin geslaag het om die mite weer vir ons te laat leef.

THE OEDIPUS MYTH IN SOPHOCLES  
AND JEAN COCTEAU

SUMMARY

This article compares the dramatisation of the Oedipus myth by Sophocles in his *Oedipus Rex* and by Cocteau in his *La Machine Infernale*. Both dramas are based on fundamentally the same story but nevertheless there are great differences in structure. This fact is due to a difference in attitude towards Fate on the part of the two dramatists.

Sophocles admits the fact that Fate frequently intervenes in the life of man in a way which seems to be cruel. But he accepts this as something which we cannot understand and cannot alter. Therefore in his dramas he does not emphasize the cruelty of Fate but rather concentrates on the ignorance of man and also on the heroic way in which he endures his fate. So in the *Oedipus Rex*, Sophocles does not show us how Oedipus is led to commit those terrible crimes — at the beginning of his tragedy the worst has already happened — but he shows how Oedipus gradually discovers the truth and what his reaction is.

Cocteau, on the other hand, wishes to demonstrate the cruelty of the gods towards man. Therefore he takes the events in chronological sequence and shows how Oedipus is caught in the web of Fate. To emphasize this he even invents incidents of his own. In the first three acts he takes three critical moments in the history of Oedipus. The first incident is wholly his own invention. While Thebes is suffering under the reign of terror of the Sphinx, the ghost of Laius appears on the city walls and tries to warn Jocasta against the coming of Oedipus, but by a combination of circumstances she never receives the warning. In the second act Oedipus' encounter with the Sphinx is depicted. But instead of conquering her by his superior wisdom, Oedipus is completely in her power and only escapes because she falls in love with him and tells him the answer to the riddle beforehand. Oedipus does not realize this and departs in triumph to claim Jocasta as his wife. In the third act Oedipus and Jocasta is shown on their wedding night. Time and again they are on the brink of discovering their real relationship, but each time the discovery is averted. Finally, in the fourth act, Cocteau describes Oedipus' discovery of the truth, following the main lines of Sophocles' tragedy.

Although Cocteau has succeeded in giving us a fascinating dramatisation of this ancient myth, he has given no radically new interpretation of the myth.

# ACTA CLASSICA



*Acta Classica* is published annually by the Classical Association of South Africa. The journal has been in production since 1958. It is listed on both the ISI and the SAPSE list of approved publications.

Published by  
the Classical Association of  
South Africa

For further information go to:  
[http://www.casa-kvsa.org.za/acta\\_classica.htm](http://www.casa-kvsa.org.za/acta_classica.htm)